

Donderdag 30 Maart

Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 12:1-31

Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 12:13

Doop met die Heilige Gees ...

In die eerste paar verse skryf Paulus oor die Heilige Gees en die geestelike gawes wat aan die gelowiges uitgedeel word. In die tweede deel van die hoofstuk (vanaf vs 12 ev.) fokus hy direk op die kerk, nie as individue nie, maar as 'n geheel (as liggaam). Hy skets vir ons die kerk in die beeld van die mens se "liggaam". Op hierdie besondere manier van God se openbaring (in die beeld van die liggaam) word ons gewys op die verskeidenheid van gawes in die eenheid van sy liggaam.

Paulus stel die beginsel in vers 12 dat Christus saam met sy kerk (sy liggaam) EEN liggaam vorm, waar Hy die Hoof is van sy kerk! Daarin lê die EEN-heid! Daardie EEN-heid vind neerslag (vgl. vs 13): *Omdat ons almal een liggaam geword het, is ons almal met die een Gees gedoop, of ons nou Jood of Griek is, slaaf of vry. Ons is almal van die een Gees deurdrenk* (1983).

Die ware EEN-heid van die kerk lê nie in die eerste plek in die "doop" as sakrament nie. Die ware EEN-heid lê in die werk van die Heilige Gees deur Christus (die Woord)! Daaruit vloei die doop as teken en seël van die verlossende werk deur die Heilige Gees. Dit is HOE die geestelike band/eenheid ontstaan ... 'n band deur God self ... met alle gelowiges regoor die wêreld! Deur hierdie geloofsband neem die mens dit op as opdrag, om die ware EEN-heid in Christus uit te leef!

Daardie EENHEID kan alleenlik *deur die geloof* plaasvind deur God se Gees! Dit is God se Gees wat te midde van die "verskeidenheid" die eenheid IN CHRISTUS bepaal! Hierdie geestelike eenheid vind plaas wanneer jy deel word van die liggaam van Christus, sy kerk.

Hierdie vers verwys nie in die eerste plek na die uiterlike nie, maar verwys na die innerlike verandering wat plaasvind deur die Heilige Gees, wat ons in ware gemeenskap met ons EEN-heid in Christus bring! Ons ware eenheid in Christus ... daarin lê die betekenis en die doel van die *doop met die Heilige Gees* ...

Ons het reeds die belofte van die Heilige Gees as Trooster (Joh. 14:16, 26). Daardie belofte bring ons tot 'n groot verantwoordelikheid! Om met die Gees deurdrenk te wees ... is soos wat Paulus in hoofstuk 5 sê: ... *word met die Gees vervul*. Dit het Hy vir sy kerk gegee ... tot troos en tot opdrag! Wees Geesvervuld en leef jou roeping uit!

Sing: Psalm 51: 5 (1936)

Ds. GJ (Gert) Erasmus (Komatipoort)